basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## GESKIEDENIS V1

## 2022

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 'n addendum van 14 bladsye.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B wat op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument gebaseer is.

   **AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

   VRAAG 1: DIE KOUE OORLOG: DIE OORSPRONG VAN DIE KOUE OORLOG

   VRAAG 2: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – ANGOLA

   VRAAG 3: BURGERLIKE VERSET VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970s: DIE AMERIKAANSE BURGERREGTEBEWEGING

   **AFDELING B: OPSTELVRAE**

   VRAAG 4: DIE UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE – VIËTNAM

   VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – DIE KONGO

   VRAAG 6: BURGERLIKE PROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE SWARTMAGBEWEGING

2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.

4. Beantwoord DRIE vrae soos volg:

   4.1 Ten minste EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees en ten minste EEN moet 'n opstelvraag wees.

   4.2 Die DERDE vraag kan óf 'n brongebaseerde vraag óf 'n opstelvraag wees.

5. Jy word aangeraai om EEN uur per vraag te bestee.

6. In die beantwoording van die vrae moet jy jou kennis, vaardighede en insig gebruik.

7. Jy sal benadeel word deur die blote oorskryf van die bronne as antwoorde.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie afdeling. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

### VRAAG 1: HOE HET DIE MARSHALL-PLAN GEPOOG OM DIE EUROPESE EKONOMIE NA DIE VERWOESTING VAN DIE TWEEDE WÊRELDOORLOG TE HERSTEL?

Bestudeer Bron 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Verwys na Bron 1A.

1.1.1 Haal TWEE bewyse uit die bron aan wat aanvoer dat toestande in Europa in 1947 haglik was. (2 x 1) (2)

1.1.2 Noem enige TWEE tipes swaarkry in die bron waarvoor die Europese publiek te staan gekom het as gevolg van die verwoesting wat deur die Tweede Wêreldoorlog veroorsaak is. (2 x 1) (2)

1.1.3 Definieer die konsep *kommunisme* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

1.1.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik hoe die groeiende bedreiging van kommunisme die VSA sou beïnvloed. (2 x 2) (4)

1.2 Lees Bron 1B.

1.2.1 Identifiseer TWEE basiese doelstellings van die Marshall-plan wat in die bron genoem word. (2 x 1) (2)

1.2.2 Verduidelik die term *individuele vryheid* in die konteks van die Marshall-plan. (1 x 2) (2)

1.2.3 Volgens die bron, noem enige TWEE doelstellings wat die Marshall-plan gepoog het om te implementeer om Europa te herbou. (2 x 1) (2)

1.2.4 Noem enige TWEE areas in die bron waaraan die raadgewende groepe gewerk het om toestande in Europa te verbeter. (2 x 1) (2)

1.2.5 In die konteks van hulp wat deur die VSA verskaf is, lewer kommentaar op die volgende stelling: 'Amerika het voortdurend druk op hulle (Europese nasies) geplaas om tot 'n vergelyk te kom en om "gesamentlik die hulp te gebruik" om Europa as 'n geheel te herbou.' (2 x 2) (4)

1.3 Bestudeer Bron 1C.

1.3.1 Verduidelik die boodskappe wat in die spotprent oorgedra word oor die toestand waarin Europa homself na die Tweede Wêreldoorlog bevind het. (2 x 2) (4)

1.3.2 Wat, dink jy, is die implikasie van die byskrif, 'Die Pad Terug', in die konteks van die herstel van die Europese ekonomie na die Tweede Wêreldoorlog? (1 x 2) (2)

1.4 Gebruik Bron 1D.

1.4.1 Haal TWEE bewyse uit die bron aan wat aanvoer dat die Marshall-plan die Verenigde Nasies ondermyn (uitgedaag) het. (2 x 1) (2)

1.4.2 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en lewer kommentaar op waarom Vyshinsky die implementering van die Marshall-plan in Europa as inmenging in die internasionale sake van Europese lande beskou het. (2 x 2) (4)

1.4.3 Verduidelik die beperkinge van hierdie bron vir 'n geskiedkundige wat die doelstellings van die Marshall-plan navors. (2 x 2) (4)

1.5 Bestudeer Bron 1B en 1D. Verduidelik hoe Bron 1D van Bron 1B verskil oor die bystand wat aan Europa deur die Amerikaanse regering, deur middel van die Marshall-plan, verleen is. (2 x 2) (4)

1.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om te verduidelik hoe die Marshall-plan gepoog het om die Europese ekonomie na die verwoesting van die Tweede Wêreldoorlog te herstel. (8)

**[50]**

**VRAAG 2: HOE HET BUITELANDSE MOONDHEDE VANAF 1974 BY DIE ANGOLESE BURGEROORLOG BETROKKE GERAAK?**

Bestudeer Bron 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die vrae wat volg.

2.1 Gebruik Bron 2A.

2.1.1 Watter gebeurtenis, volgens die bron, het in 1974 tot die beëindiging van kolonialisme in Angola gelei? (1 x 2) (2)

2.1.2 Verduidelik die konsep *kolonialisme* in die konteks van die beheer van Angola in 1974. (1 x 2) (2)

2.1.3 Noem enige TWEE doelstellings van die Alvor Ooreenkoms soos in die bron genoem. (2 x 1) (2)

2.1.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en lewer kommentaar op waarom die drie bevrydingsbewegings nie daarin geslaag het om die Alvor Ooreenkoms te eerbiedig nie. (2 x 2) (4)

2.2 Raadpleeg Bron 2B.

2.2.1 Verduidelik waarom jy dink hierdie historiese foto geneem is. (2 x 2) (4)

2.2.2 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik die omstandighede wat tot die ondertekening van die Alvor Ooreenkoms in 1975 in Portugal gelei het. (1 x 2) (2)

2.3 Verwys na Bron 2A en 2B. Verduidelik hoe die bewyse in Bron 2B die inligting in Bron 2A oor die ondertekening van die Alvor Ooreenkoms deur die drie bevrydingsbewegings ondersteun. (2 x 2) (4)

2.4 Lees Bron 2C.

2.4.1 Hoe, volgens die bron, het Kuba die MPLA ondersteun? (2 x 1) (2)

2.4.2 Haal TWEE bewyse uit die bron aan wat op die Sowjetunie se betrokkenheid by die Angolese Burgeroorlog dui. (2 x 1) (2)

2.4.3 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en lewer kommentaar op die impak van die betrokkenheid van Kuba en die Sowjetunie by die Angolese Burgeroorlog. (2 x 2) (4)

2.4.4 Verduidelik die bruikbaarheid van hierdie bron vir 'n student wat die betrokkenheid van Kuba en die Sowjetunie by die Angolese Burgeroorlog in 1975 navors. (2 x 2) (4)

2.5 Bestudeer Bron 2D.

2.5.1 Gee enige TWEE redes in die bron waarom Suid-Afrikaners by die Angolese Burgeroorlog betrokke geraak het. (2 x 1) (2)

2.5.2 Noem TWEE bevrydingsbewegings in die bron wat Suid-Afrika besluit het om gedurende die Angolese Burgeroorlog van 1975 te ondersteun. (2 x 1) (2)

2.5.3 Waarom, dink jy, het Suid-Afrikaners hulle inval van Angola as 'n huursoldaatoperasie probeer vermom (wegsteek)? (2 x 2) (4)

2.5.4 Definieer die term *onafhanklikheid* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

2.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om te verduidelik hoe vreemde moondhede vanaf 1974 by die Angolese Burgeroorlog betrokke geraak het. (8)
**[50]**

**VRAAG 3: WATTER UITDAGINGS HET SITSTAKINGBETOGERS TEENGEKOM IN HULLE POGINGS OM OPENBARE GERIEWE GEDURENDE DIE 1960's IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA (VSA) TE DESEGREGEER?**

Bestudeer Bron 3A, 3B, 3C en 3D en beantwoord die vrae wat volg.

3.1 Gebruik Bron 3A.

3.1.1 Wat, volgens die bron, was die teiken van die Nashville-sitstaking-veldtog gedurende die 1960's? (1 x 2) (2)

3.1.2 Definieer die term *segregasie* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

3.1.3 Identifiseer TWEE studenteliggame in die bron wat die Nashville-sitstakingbetogings in die 1960's gekoördineer het. (2 x 1) (2)

3.1.4 Verduidelik of jy met die winkeleienaars se bewering (standpunt) saamstem dat dit hulle 'morele reg' was om te bepaal wie hulle sou, of nie sou bedien nie. (2 x 2) (4)

3.2 Bestudeer Bron 3B.

3.2.1 Waarom, dink jy, het hierdie foto op 20 Februarie 1960 hoofnuus in die *Tennessean Newspaper* geword? (2 x 2) (4)

3.2.2 Lewer kommentaar op die belangrikheid van die woorde: 'FOUNTAIN IN BELANG VAN OPENBARE VEILIGHEID GESLUIT', in die konteks van segregasie gedurende die 1960's in die VSA. (1 x 2) (2)

3.3 Lees Bron 3C.

3.3.1 Noem TWEE nie-gewelddadige wyses, wat in die bron genoem word, waarop Nashville-eienaars op die sitstakings in hul winkels gereageer het. (2 x 1) (2)

3.3.2 Waarom, dink jy, het die polisie slegs diegene wat by die middagetetoonbank-sitstakings betrokke was, en nie die wit oortreders van geweld nie, in hegtenis geneem? (2 x 2) (4)

3.3.3 Identifiseer TWEE tipes straf in die bron wat die regter aan diegene wat by die sitstakings by middagetetoonbanke betrokke was, opgelê het. (2 x 1) (2)

3.4 Verwys na Bron 3B en 3C. Verduidelik hoe hierdie bronne mekaar ondersteun oor die reaksie van wittes op die sitstakings wat gedurende die 1960's deur swart Amerikaners in Nashville, Tennessee, gehou is. (2 x 2) (4)

3.5 Raadpleeg Bron 3D.

3.5.1 Identifiseer die beginsel, volgens President JF Kennedy, waarop die Amerikaanse nasie gestig is. (1 x 2) (2)

3.5.2 Noem enige TWEE openbare geriewe (plekke) in die bron waar Kennedy geglo het dat alle Amerikaners, van enige kleur, gelyke behandeling moes ontvang. (2 x 1) (2)

3.5.3 Verduidelik die term *gelyke regte* in die konteks van President Kennedy se toespraak. (1 x 2) (2)

3.5.4 Waarom, dink jy, het President JF Kennedy daarop aangedring dat alle Amerikaners, ongeag kleur, gelyke behandeling moes ontvang? (2 x 2) (4)

3.5.5 Lewer kommentaar op die betroubaarheid van hierdie bron vir 'n geskiedkundige wat die impak van sitstakingveldtogte gedurende die 1960's in die Verenigde State van Amerika bestudeer. (2 x 2) (4)

3.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) en verduidelik die uitdagings wat sitstakingbetogers teengekom het in hul pogings om openbare geriewe gedurende die 1960's in die Verenigde State van Amerika te desegregeer. (8)

**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar NIE meer as TWEE vrae in hierdie afdeling NIE.

Jou opstel moet ongeveer DRIE bladsye lank wees.

### VRAAG 4: DIE UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE – VIËTNAM

Die militêre taktieke en strategieë wat die Verenigde State van Amerika gedurende die Viëtnam-oorlog (1960–1970's) teen die Viëtkong gebruik het, het nie daarin geslaag om te voorkom dat Viëtnam 'n kommunistiese staat word nie.

Stem jy met die stelling saam? Gebruik relevante bewyse om jou argument te ondersteun. **[50]**

### VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – DIE KONGO

Mobutu Sese Seko het goeie leierskapseienskappe getoon na verkryging van onafhanklikheid van koloniale beheer gedurende die 1960's.

Bespreek hierdie stelling krities met verwysing na die politieke, ekonomiese, maatskaplike en kulturele beleide van die Kongo vanaf die 1960's tot die 1970's. **[50]**

### VRAAG 6: BURGERLIKE PROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE SWARTMAGBEWEGING

Verduidelik tot watter mate die Swartmagfilosofie suksesvol was om swart Amerikaners te organiseer om gedurende die 1960's diskriminasie en segregasie in die Verenigde State van Amerika teen te staan.

Gebruik relevante bewyse om jou argument te ondersteun. **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**GESKIEDENIS V1**

**2022**

**ADDENDUM**

**Hierdie addendum bestaan uit 14 bladsye.**

**VRAAG 1: HOE HET DIE MARSHALL-PLAN GEPOOG OM DIE EUROPESE EKONOMIE NA DIE VERWOESTING VAN DIE TWEEDE WÊRELDOORLOG TE HERSTEL?**

**BRON 1A**

Die bron hieronder verduidelik die toestande wat in 1947 in Europa geheers het as gevolg van die verwoesting wat deur die Tweede Wêreldoorlog veroorsaak is.

Die toestand in Europa in 1947, soos deur die destydse Minister van Buitelandse Sake, Marshall, en ander Amerikaanse amptenare beskryf, was betreurenswaardig (haglik). Alhoewel industriële produksie in baie gevalle tot vooroorlogse vlakke herstel het, het dit voorgekom asof die algemene ekonomiese situasie besig was om agteruit te gaan. Die herstel tot op daardie tydstip is deur die vermindering van plaaslike aandele en buitelandse beleggings gefinansier. Kapitaal was toenemend onbeskikbaar vir investering/belegging.

Handel tussen Europese nasies was stagnant (stil). Nadat die Europese publiek reeds jarelange voedseltekorte, werkloosheid en ander teenspoed wat met die oorlog en herstel geassosieer is, verduur het, is hulle nou met verdere swaarkry gekonfronteer. Vir baie waarnemers was dit asof die afnemende ekonomiese toestande pessimisme (onsekerheid) oor Europa se toekoms veroorsaak het wat klasseverdeeldheid en politieke onstabiliteit aangevuur het. Kommunistiese partye wat alreeds groot was in belangrike lande, soos Italië en Frankryk, het gedreig om mag oor te neem.

Die potensiële impak op Amerika was meervoudig. Byvoorbeeld, 'n einde aan Europese groei sou die vooruitsig van enige handel met die kontinent blokkeer. Inteendeel, een van die simptome van Europa se toestand was die massiewe dollar-tekort wat hulle onvermoë aangedui het om vir hulle invoere vanaf Amerika te betaal.

Die hoofbekommernis vir Amerika was egter moontlik die groeiende bedreiging van kommunisme.

[Uit *The Marshall Plan: Origins and Implementation* deur WF jr. Sanford]

**BRON 1B**

Die bron hieronder beklemtoon die ekonomiese strategieë en hervormings wat die Marshall-plan gepoog het om vanaf 1947 met die heropbou van die Wes-Europese ekonomie te implementeer.

Volgens die Economic Cooperation Act (ECA) (Wet op Ekonomiese Bystand) was die basiese doel van die Marshall-plan om 'individuele vryheid, vrye instansies en ware onafhanklikheid' te verseker deur 'goeie ekonomiese toestande' te herstel. Die Marshall-plan het tussen 1948 en 1951 gepoog om verskeie ekonomiese strategieë en hervormings te implementeer om Wes-Europa te herbou. Dit het gepoog om:

- Aan die onmiddellike behoefte aan voedsel, medisyne en behuising te voldoen
- Industriële en landbouproduksie te verhoog deur vinnig fabrieke, spoorweë, brûe, ens. te herbou
- Inflasie teen te staan en om finansiële stabiliteit te vestig
- 'n Gemeenskaplike mark vry van nasionale handelsbeperkinge te skep

Sommige van die hulp van die Marshall-plan het in die vorm van tegniese bystand gekom. Die Amerikaanse Ekonomiese Bystandsadministrasie het vir tegniese hulp en raadgewers van Amerikaanse besighede, banke, plaasorganisasies en werkersunies gereël. Raadgewende groepe het daaraan gewerk om Europese produksie, besigheidsorganisasie en arbeid-bestuursverhoudings te verbeter.


Die meeste bystand het as kontantskenkings of lenings ($11,8 miljard) gekom. Die Europeërs het hierdie geld gebruik om noodsaaklike goedere soos koring en olie te koop en om fabrieke en behuising te herbou.

Die Europeërs het besluit hoe om die Amerikaanse hulp tussen die 16 nasies te verdeel. Hulle het soms verskil oor hoeveel elkeen moes kry. Amerika het voortdurend druk op hulle (Europese nasies) geplaas om tot 'n vergelyk te kom en om 'gesamentlik die hulp te gebruik' om Europa as 'n geheel te herbou.

[Uit https://www.crf-usa.org. Toegang op 1 Junie 2021 verkry.]

**BRON 1C**

Die spotprent hieronder, met die titel 'Die Pad Terug', is in 1947 deur Daniel Fitzpatrick geteken en in die *St Louis Post-Dispatch* gepubliseer. Dit beeld die Marshall-plan uit wat aan Europa gebied is.




[Uit *St Louis Post-Dispatch*, 20 Julie 1947]

**BRON 1D**

Die bron hieronder is 'n uittreksel uit 'n toespraak wat op 18 September 1947 deur die Sowjet Minister van Buitelandse Sake, Andrei Vyshinsky, by die Algemene Vergadering van die Verenigde Nasies gelewer is. Die beklemtoon die Sowjetunie se siening van die voornemens van die Marshall-plan.

Die sogenaamde Marshall-plan is 'n besonder ooglopende (duidelike) voorbeeld van die manier waarop die beginsels van die Verenigde Nasies geskend word, van die manier waarop die organisasie geïgnoreer word.

Amerika het beweeg na 'n direkte verwerping van die beginsels van internasionale samewerking (vennootskap) en besorgde aksie deur die groot magte en na pogings om hulle wil op die ander onafhanklike state af te druk, terwyl hulle terselfdertyd ooglopend die ekonomiese hulpbronne, wat as verligting aan individuele behoeftige lande versprei word, as 'n instrument van politieke druk gebruik … Amerika het ook daarop gereken om al hierdie lande direk afhanklik te maak van die belange van Amerikaanse monopolieë wat daarna streef om die komende depressie te keer deur 'n versnelde uitvoer van kommoditeite en kapitaal na Europa.

Dit raak al hoe duideliker vir almal dat die implementering van die Marshall-plan sal beteken dat Europese lande onder die ekonomiese en politieke beheer van Amerika geplaas sal word en dat laasgenoemde direk in die internasionale aangeleenthede van hierdie lande sal inmeng.

Hierdie plan is voorts 'n poging om Europa in twee kampe te verdeel en, met die hulp van die Verenigde Koninkryk en Frankryk, 'n blok van verskeie Europese lande wat vyandig is teenoor die belange van die demokratiese lande van Oos-Europa, meer spesifiek teenoor die belange van die Sowjetunie, te vorm.

[Uit http.//www.slantchev.ucsd.edu/courses/nss/documents/vyshinsky-criticism-of-truman doctrine.html. Toegang op 8 Junie 2021 verkry.]

**VRAAG 2: HOE HET BUITELANDSE MOONDHEDE VANAF 1974 BY DIE ANGOLESE BURGEROORLOG BETROKKE GERAAK?**

**BRON 2A**

Die bron hieronder, deur FA Guimaraes geskryf, beskryf in breë trekke hoe die val van 'n outoritêre regering in Portugal tot die beëindiging van kolonialisme in Angola gelei het en in 1975 tot 'n magstryd tussen drie bevrydingsbewegings gelei het.

Die omverwerping van die outoritêre regime in Portugal op 25 April 1974 was die begin van die einde van kolonialisme in Angola. Meer as tien jaar se anti-koloniale oorlogvoering teen die Portugese het nie vir Angola onafhanklikheid gebring nie ... Die drie bewegings het op 15 Januarie 1975, in Alvor in suid-Portugal, 'n onafhanklikheidsooreenkoms met Portugal onderteken wat vrede en 'n werkbare politieke toekoms vir Angola belowe het.

Die Alvor Ooreenkoms het 'n oorgangsregering bemagtig (in staat gestel) om Angola vanaf 31 Januarie 1975 te bestuur tot en met die verkiesings wat later daardie jaar gehou sou word om 'n nuwe regering te bepaal. Die nuwe mag (regering) sou dan op 11 November 1975 die formele oordrag van mag vanaf die Portugese aanvaar. Die oorgangsregering het bestaan uit 'n troika (drietal) van presidentskap van die drie bewegings, 'n verdedigingsraad en 'n kabinet … Soos wat die jaar gevorder het, is die kortstondige ooreenkoms tussen die mededingende bewegings deur sporadiese gevegte beëindig. Die Popular Movement for the Liberation of Angola (MPLA) was die beweging wat die meeste voordeel uit hierdie chaos getrek het. Portugal was veronderstel om gedurende die oorgangsperiode neutraal te wees ... maar die oorweldigende indruk was egter dat die Portugese administrasie bevooroordeeld (onregverdig) was en die MPLA ten koste van die ander bewegings gesteun het.

Toe die Portugese vlag op 10 November 1975 vir die laaste keer oor Angola gestryk is, het die Hoë Kommissaris soewereiniteit (beheer) aan alle Angolese oorgedra en nie net aan een spesifieke beweging nie. Die mededinging om oorheersing (dominansie) tussen hulle het nou as 'n prioriteit te voorskyn gekom … Die bewegings het nou uitsluitlik bystand gesoek om hulle posisies teenoor mekaar te versterk. Die April-staatsgreep (omverwerping van die regering) in Lissabon … het die politieke magstryd tussen die Angolese bewegings geopenbaar.

[Uit *The Origins of the Angolan Civil War* deur FA Guimaraes]

**BRON 2B**

Die foto hieronder is tydens die Alvor Ooreenkoms geneem wat op 15 Januarie 1975 in Alvor, Portugal, plaasgevind het. Voor is die Portugese Minister, Almeida Santos, links van hom is Aghostino Neto, dan 'n Portugese amptenaar gevolg deur Holden Roberto, gevolg deur 'n Portugese amptenaar, Soares, en langs hom Jonas Savimbi.



[Uit *Accoord verluiert tegenstellingen, Angola Bulletin, Vol. 13, No. 2*, deur Angola Comité]

**AGHOSTINO NETO (MPLA)**

**JONAS SAVIMBI (UNITA)**

**HOLDEN ROBERTO (FNLA)**

**BRON 2C**

Die bron hieronder, deur J Marcum, verduidelik hoe Kuba en die Sowjetunie besluit het om die MPLA gedurende die Angolese Burgeroorlog van 1975 te ondersteun.

... die MPLA het Kubaanse ekwivalente van die Chinese, wat FNLA-magte opgelei het, gesoek. Daar is berig dat ongeveer 230 Kubaanse militêre raadgewers teen die laat lente van 1975 vier People's Armed Forces for the Liberation of Angola (FAPLA)-opleidingskampe opgestel en beman het. Namate gevegte in Junie en Julie verhewig (vererger) het, het die MPLA 'n beroep om nog hulp gedoen. In Augustus … nadat vasgestel is dat die Sowjette nie self troepe sou stuur nie uit vrees dat dit 'n Amerikaanse reaksie sou veroorsaak, het die MPLA 'n verdere 200 Kubaanse infanterie-instrukteurs in Luanda verwelkom.

Kubaanse skepe het teen laat September en vroeg Oktober met swaar wapens en honderde soldate in Angolese hawens begin aankom … Deur die beeld (bedreiging) te skep van wit rassiste wat 'n oorwinning behaal, het Kuba en die Sowjetunie straffeloos (met gesag) beweeg om hulle voordeel uit te buit … Kuba het begin om op groot skaal gevegstroepe per lug vanaf Havana na Luanda te vervoer. Dit het as Operasie Carlotta bekend geword. Die Russe het groot Antonov-22-vragvliegtuie, wat wapens bevat het, direk na Luanda gevlieg en gehelp om duisende Kubaanse gevegstroepe in te vlieg om MPLA-rekrute in die gebruik van gesofistikeerde (moderne) Sowjet-wapentuig op te lei en om dit uiteindelik ook te beman. Dit het T54- en T34-tenks ingesluit. Nog meer indrukwekkend was die mobiele 122 mm-vuurpyllanseerders ('Stalin's Organs') wat deur Kubane hanteer is. Dit het die FNLA militêre front, wat met hulle opmars na Luanda vanaf die noorde besig was, met skreeuende geluide verskrik en gate in hulle geblaas.

... Die MPLA het teen vroeg Januarie die FNLA as 'n gevegsmag geëlimineer. Terwyl dit ineengestort het, het die FNLA-weermag geen hulp van die Zaïrese troepe ontvang nie. Kuba se ingryping het 'n besliste keerpunt in die burgeroorlog aangedui. Sowjet-waaghalsigheid (moed) het in die proses Sowjet-invloed regdeur rasverdeelde Suider-Afrika laat styg.

[Uit *The Angolan Revolution*, *Volume II*, deur J Marcum]

**BRON 2D**

Die uittreksel hieronder, deur M Meredith, fokus op hoe Suid-Afrikaners by die Angolese Burgeroorlog in 1975 betrokke geraak het.

… Die Suid-Afrikaners het hul eie ingryping van stapel gestuur ... In die geval van Angola het hulle Sowjet- en Kubaanse betrokkenheid beskou as deel van 'n kommunistiese plan om suidelike Afrika te domineer. Hulle het geglo dat Angola, onder die beskerming van 'n pro-kommunistiese regering in Luanda en met Sowjet-ondersteuning, waarskynlik 'n wegspringplek vir nasionalistiese guerrillas van die Suidwes-Afrikaanse-Volkorganisasie (SWAPO) was om Suidwes-Afrika (Namibië), wat onder Suid-Afrika se beheer was, aan te val. Wat die Suid-Afrikaners gehoop het om te vermag, was die instelling van 'n gematigde pro-Westerse regering in Luanda wat ontvanklik (oop) vir Suid-Afrikaanse belange sou wees.

Die Angolese teater het Suid-Afrika ook die geleentheid gebied om sy waarde as 'n betroubare (lojale) anti-kommunistiese streeksmag aan die VSA te toon en om sy posisie by die Amerikaanse regering te versterk. By geheime vergaderings met Roberto (leier van die FNLA) en Savimbi (leier van UNITA) het Suid-Afrikaanse amptenare ooreengekom om die National Front for the Liberation of Angola (FNLA) en National Union for the Total Liberation of Angola (UNITA) met wapens en opleiding by te staan en om 'n inval vanaf Suidwes-Afrika, verbloem (weggesteek) as 'n huursoldaatoperasie (geld-gerig), van stapel te stuur. Savimbi het geen gewetensbesware (vrese) oor sy betrokkenheid by apartheid-Suid-Afrika gehad nie.

'n Suid-Afrikaanse afdeling (soldate), met die kodenaam 'Zulu', het op 14 Oktober 1974 die grens vanaf Suidwes-Afrika oorgesteek en vinnig teen die kus op gevorder. Hulle is op pad per lug bevoorraad en deur helikopters vergesel ... 'n Tweede Suid-Afrikaanse afdeling, met die kodenaam 'Foxbat', het by Savimbi se troepe by sy hoofkwartier in Huambo in sentraal-Afrika aangesluit en noordwaarts beweeg. Die Suid-Afrikaners het ook 'n noordelike mag van die FNLA en Zaïrese troepe, wat suidwaarts in die rigting van Luanda beweeg het, ondersteun. Die Suid-Afrikaners het deur aansporing van die CIA (Amerikaanse Intelligensiediens), ingestem om aan 'n gesamentlike operasie deel te neem wat op die verowering van Luanda vir die FNLA voor onafhanklikheidsdag op 11 November 1974 gemik was.

[Uit *The State Of Africa* deur M Meredith]

**VRAAG 3: WATTER UITDAGINGS HET SITSTAKINGBETOGERS TEENGEKOM IN HULLE POGINGS OM OPENBARE GERIEWE GEDURENDE DIE 1960's IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA (VSA) TE DESEGREGEER?**

**BRON 3A**

Die bron hieronder fokus op sitstakings wat gedurende die 1960's in Nashville, Tennessee, plaasgevind het.

Die Nashville-sitstakings was van die vroegste niegewelddadige direkte-aksie-veldtogte wat gedurende die 1960's Suidelike rassesegregasie geteiken het. Die doel van die sitstakings, wat vanaf 13 Februarie tot 10 Mei 1960 geduur het, was die desegregasie van die middestad-middagetetoonbanke in Nashville, Tennessee. Die betogings is deur die Nashville Student Movement (NSB) (Nasionale Studentebeweging) en die Nashville Christian Leaderhip Council (NCLC) gekoördineer en het hoofsaaklik uit studente van Fisk University, Baptist Theological Seminary en Tennessee State University bestaan. Diane Nash en John Lewis, wat albei studente by Fisk University was, het as die belangrikste leiers van die plaaslike beweging te voorskyn gekom.

Op 13 Februarie 1960, twaalf dae nadat die sitstakings in Greensboro, Noord-Carolina, begin het, het Nashville-kollegestudente om 12:40 die Kress- (nou K-Mart), Woolworth- en McClellan-winkels binnegegaan. Nadat hulle inkopies gedoen is, het die studente by die middagetetoonbanke gaan sit. Winkeleienaars het aanvanklik geweier om die studente te bedien en die toonbanke toegemaak. Hulle het beweer dat dit hul 'morele reg' was om te bepaal wie hulle sou of nie sou bedien nie. Die studente het oor die volgende drie maande met die sitstakings voortgegaan en hulle teikens uitgebrei om middagetetoonbanke by die Greyhound- en Trailways-busterminusse, Grant's Variety Store, Walgreens Drugstore en groot Nashville-kettingwinkels, Cain-Sloan en Harvey, in te sluit.

[Uit https://www.blackpast.org/african-american-history/nashville-sit-ins-1960. Toegang is op 3 Oktober 2021 verkry.]

**BRON 3B**

Die foto hieronder is deur J Ellis geneem en op 20 Februarie 1960 in die *Tennessean Newspaper* gepubliseer. Die foto beeld swart Amerikaanse studente uit, onder andere, van links af, John Hardy en Curtis Murphy, wat 'n sitstaking by die Walgreens-kettingwinkel in Nashville, Tennessee, hou. Die 'gesluit'-teken is opgesit onmiddellik nadat hulle gepoog het om bedien te word.




[Uit *This Light of Ours: Activist Photographers of the Civil Rights Movement* deur L Kelea]

**FOUNTAIN IN BELANG VAN OPENBARE VEILIGHEID GESLUIT**

## BRON 3C

Die bron hieronder is deur J Hasday en verduidelik die reaksies van wit Amerikaners op die sitstakings deur swart Amerikaners op 27 Februarie 1960 in Nashville, Tennessee.

Aanvanklik was reaksies op die sitstakings nie gewelddadig nie. Winkeleienaars het in sommige gevalle borde gehang wat aandui: 'Gesluit – In Belang van Openbare Veiligheid' of 'Geen Oortreding Nie – Reg Voorbehou om die Publiek Na Goeddunke te Bedien'. Die stakings het egter op 27 Februarie 1960 'n gewelddadige wending geneem. Gedurende 'n sitstaking by die middagetetoonbank in die restaurant van 'n kettingwinkel in Nashville, Tennessee, is dosyne swart studente deur 'n groep wit tieners aangeval. Verskeie van die swart studente is van die toonbankstoele afgetrek en geslaan. Toe die polisie daar aankom, is nie 'n enkele oortreder in hegtenis geneem nie. Hulle het, inteendeel, ongeveer 81 van die swartes in die restaurant aangekeer en tronk toe gesleep.

Een van diegene wat in hegtenis geneem is, was Fisk University-student, Diane Nash, organiseerder van die Nashville Student Movement. Nash het met die beskrywing van die toneel daardie dag gesê: 'Die polisie het gesê: "Goed, al julle *nigras, staan op by die middagetetoonbanke of ons gaan julle in hegtenis neem." [Toe] sê hulle: "Almal gaan in hegtenis geneem word." Ons het almal dus opgestaan en na die polisievangwa gestap. Hulle het toe omgedraai en weer na die middagetetoonbank gekyk, en 'n tweede vlaag studente het al die sitplekke ingeneem ... toe 'n derde vlaag. Dit maak nie saak wat hulle gedoen het en hoeveel hulle in hegtenis geneem het nie, daar was steeds 'n middagetetoonbank vol studente daar.' Z Alexander Looby, 'n swart respekteerde advokaat in Nashville, het ingestem om diegene wat in hegtenis geneem is, te verteenwoordig. Dit het min gebaat, want die regter in die saak het Looby geïgnoreer terwyl hy namens sy kliënte gepraat het. Hy het die studente skuldig bevind en hulle is elk met $150 (dollar), plus hofkoste, beboet. Die skuldigbevindings het egter niks gedoen om die momentum van die sitstakings te stop nie.

[Uit *Milestones in American History* deur J Hasday]

***Neerhalende woord vir swart Amerikaners**

**BRON 3D**

Die bron hieronder is deel van die toespraak wat op 11 Junie 1963 deur JF Kennedy, president van die VSA, gelewer is. Dit beklemtoon hoe President Kennedy alle openbare geriewe wou desegregeer. (Die bron is vir duidelikheid oorgetik.)

**11 JUNIE 1963**

**VIR ONMIDDELLIKE VRYSTELLING**

**KANTOOR VAN DIE WITHUIS-MEDIASEKRETARIS**

**DIE WITHUIS**
**AANMERKINGS VAN DIE PRESIDENT OP LANDSWYE RADIO EN TELEVISIE**

**GOEIENAAND, MEDE-AMERIKANERS**

Ek hoop dat elke Amerikaner, ongeag waar hy woon, sal stilstaan en sy gewete hieroor en ander verwante insidente sal ondersoek. Hierdie Nasie is deur mense uit baie nasies en agtergronde gestig. Dit is gestig volgens die beginsel dat alle mense gelyk geskape is, en dat die regte van elke mens ingekort word wanneer die regte van een mens bedreig word.

Dit behoort vir Amerikaanse verbruikers van enige kleur moontlik te wees om gelyke dienslewering by openbare plekke, soos hotelle en restaurante en teaters en kettingwinkels, te ontvang sonder om gedwing te word om hulle toevlug tot betogings in die straat te neem, en dit behoort vir Amerikaanse burgers van enige kleur moontlik te wees om vir vrye verkiesings te registreer en daarin te stem sonder hindernis of vrees vir wraak (vergelding) ...

Die kern van die vraag is of daar aan alle Amerikaners gelyke regte en gelyke geleenthede toegestaan moet word, of ons ons mede-Amerikaners gaan behandel soos ons behandel wil word. Indien 'n Amerikaner, omdat sy velkleur donker is, nie middagete in 'n restaurant wat vir die publiek oop is, kan eet nie ... kortweg as hy nie die vol en vry lewe wat ons almal wil hê, kan geniet nie, wie van ons sal dan tevrede wees om die kleur van sy vel te verander en in sy plek te staan?

Daarom versoek ek die Kongres om wetgewing te aanvaar wat alle Amerikaners die reg gee om in geriewe wat vir die publiek oop is – hotelle, restaurante, teaters, kettingwinkels en soortgelyke besighede – bedien te word …

[Uit *Public Papers of the Presidents of the United States: John F Kennedy, 1963, Item 237*]

**ERKENNINGS**

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende geneem:

Angola Comitè, Februarie 1975*. Accoord verluiert tegenstellingen, Angolan Bulletin*, *Vol. 13, Nr. 2*

Guimaraes, FA. 1998. *The Origins of the Angolan Civil War* (Palgrave, New York)

Hasday, J. 2007. *Milestones in American History, The Civil Rights Act of 1964: An End to Racial Segregation* (New York Publishers, New York)

http.//www.slantchev.ucsd.edu/courses/nss/documents/vyshinsky-criticism-of-truman doctrine.html

https://www.blackpast.org/african-american-history/nashville-sit-ins-1960

https://www.crf-usa.org

Kelea, L. 1965. *This Light of Ours: Activist photographers of the Civil Rights Movement* (University Press, Alabama, Mississippi)

Kennedy, JF. 1963. *Public Papers of the Presidents of the United States*, *Item 237*

Marcum, JA. 1978. *The Angolan Revolution*, *Volume 11* (The Massachusetts Institute of Technology, Massachusetts)

Meredith, M. 2011. *The State Of Africa* (Jonathan Ball Publishers, Jeppestown)

Sanford, WF jr. 1982. *The Marshall Plan: Origins and Implementation* (Department of State Bulletin)

*St Louis Post-Dispatch*, 20 Julie 1947

*Kopiereg voorbehou*

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## GESKIEDENIS V1

## 2022

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 150**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 27 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou*

## 1. 1. BRONGEBASEERDE VRAE

**1.1 Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:**

| Kognitiewe Vlakke | Historiese vaardighede | Gewigstoekenning van vrae |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Onttrek inligting uit bronne<br>• Selektering en organisasie van relevante inligting uit bronne<br>• Definieer historiese begrippe/terme | **30%<br>(15)** |
| **VLAK 2** | • Interpretasie van bewyse uit bronne<br>• Verduidelik inligting verkry uit bronne<br>• Analiseer bewyse uit bronne | **40%<br>(20)** |
| **VLAK 3** | • Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne<br>• Skakel met bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings | **30%<br>(15)** |

**1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:**

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argument, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui

**1.3 Assesseringsprosedures vir brongebaseerde vrae**

- Gebruik 'n regmerk (✓) vir elke korrekte antwoord.
- Gee aandag aan die puntetoekenning bv. (2 x 2) wat neerkom op twee redes en word twee punte elk toegeken (✓✓✓✓); (1 x 2) wat neerkom op een rede en twee punte toegeken word (✓✓).
- Indien 'n vraag 4 punte tel, word 4 regmerkies (✓✓✓✓) aangedui.

**Paragraafvraag**

Paragrawe behoort globaal (holisties) geassesseer te word. Beide die inhoud en die struktuur van die paragraaf moet in berekening gebring word wanneer punte toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer 'n antwoord op 'n paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas 'n kolpunt (.) by elke punt binne-in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag te beantwoord.
- Lees die paragraaf weer om die mate te evalueer waarin die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om die paragraaf te beantwoord.

- Maak regmerkies **(√)** wat aan die kandidaat toegeken is vir die paragraaf aan die einde van die paragraaf; sowel as die vlak (1,2, of 3) soos aangedui in die holistiese rubriek en gee 'n kort kommentaar bv.

__________ . ________________________ . _________________________
__________________________________________ . ________________
√√√√ Vlak 2

Gebruik meestal relevante bewyse om die paragraaf te skryf

- Tel al die regmerkies vir die brongebaseerde vrae op en skryf dan die punt op die kantlyn regs onder, bv. $\frac{32}{50}$
- Maak seker dat die totale punte akkuraat na die buiteblad van die antwoordboek oorgedra word.

## 2. OPSTELVRAE

### 2.1 Die opstelvrae vereis dat kandidate:

In staat sal wees om hul argument op 'n logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om 'n redelike reeks feite of 'n effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat 'n opstel 'n inleiding, 'n samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en 'n slot het.

### 2.2 Nasien van opstelvrae

Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by 'n riglyn vir nasien van 'n spesifieke opstel.

### 2.3 Globale assessering van 'n opstel

Die opstel sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die opstel as 'n geheel sal bepunt sonder om die hoofpunte afsonderlik te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om 'n oorspronklike argument aan te bied deur relevante bewyse te gebruik om 'n argument te ondersteun. Daar sal **nie** van die leerder verwag word om slegs inhoud (feite) neer te skryf om 'n vlak 7 (hoë punt) te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ontmoedig om opstelle voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die leerder se interpretasie van die vraag
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse (relevant inhoudseleksie)
- Die konstruksie/daarstelling van 'n argument (beplan, gestruktureer en 'n onafhanklike argument)

## 2.4 Assesseringsprosedures van die opstel

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die opstel nagesien word.

2.4.2 Tydens die eerste deurlees van die opstel moet regmerkies toegeken word vir 'n relevante inleiding (aangedui met 'n kolpunt 'bullet' in die nasienriglyne), vir elke hoofaspek/liggaam van die opstel wat die argument ondersteun (aangedui met 'n kolpunt 'bullet' in die nasienriglyne) en 'n relevante slotopmerking (aangedui met 'n kolpunt 'bullet' in die nasienriglyne)
Bv. In 'n opstel waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

2.4.3 Hou die PEEL struktuur in gedagte in die assessering van 'n opstel.

| | |
|---|---|
| **P** | **Punt:** Die kandidaat lei die opstel in met 'n argument/'n duidelike hoofpunt.<br>Elke paragraaf moet 'n punt bevat wat die hoofpunt (argument) wat in die inleiding gemaak is, ondersteun. |
| **E** | **Verduideliking:** Die kandidaat moet in groter detail bespreek waaroor die hoofpunt (argument) gaan en hoe dit verband hou met die vraag wat gevra is. |
| **E** | **Voorbeeld:** Die kandidate moet die vraag beantwoord deur inhoud te selekteer wat relevant is tot die argument. Relevante voorbeelde moet gegee word om argument vol te hou. |
| **L** | **Skakel:** Kandidate moet seker maak dat die argument deurgaans in die opstel onderhou word en samehangend geskryf is. |

2.4.3 Die volgende simbole MOET gebruik word in die assessering van 'n opstel:

- Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie ^
- Verkeerde stelling ___________________
- Irrelevante stelling |<br>|<br>|
- Herhaling R
- Analise A√
- Interpretasie 1√
- Argument LOA ↕

## 2.5 Die matriks

2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle

By die nasien van opstelle, moet die kriteria gebruik word wat in die matriks voorsien word. Tydens die assessering van 'n opstel moet beide die inhoud en die aanbieding in ag geneem word. 'n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidsvlakke.

(a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is om en die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| | | |

(b) Die tweede deurlees van die opstel sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| A | VLAK 3 | |

(c) Ken 'n algehele punt toe met behulp van die matriks.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | }26–27 |
| A | VLAK 3 | |

**KOMMENTAAR**
**Sommige weglatings in die inhoudsdekking**
**Poog om 'n argument te handhaaf**

## GLOBALE NASIENMATRIKS VIR OPSTELLE: TOTAAL: 50

| | VLAK 7 | VLAK 6 | VLAK 5 | VLAK 4 | VLAK 3 | VLAK 2 | VLAK 1* |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **AANBIEDING** → <br> **INHOUD** ↓ | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun. | Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse. | Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie. | Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie. | Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie. |
| **VLAK 7** Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevante tot argument wat gevolg is. | **47–50** | **43–46** | | | | | |
| **VLAK 6** Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevante tot argument wat gevolg is | **43–46** | **40–42** | **38–39** | | | | |
| **VLAK 5** Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevante. | **38–39** | **36–37** | **34–35** | **30–33** | **28–29** | | |
| **VLAK 4** Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud. | | | **30–33** | **28–29** | **26–27** | | |
| **VLAK 3** Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings. | | | | **26–27** | **24–25** | **20–23** | |
| **VLAK 2** Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal. | | | | | **20–23** | **18–19** | **14–17** |
| **VLAK 1*** Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud. | | | | | | **14–17** | **0–13** |

*** Riglyne vir die toekenning van 'n punt vir Vlak 1:**

- Vraag glad nie beantwoord nie/totaal irrelevante inhoud; geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Inhoudseleksie sluit basiese en algemene irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer nie = 1–6
- Vraag ontoereikend en vaag beantwoord ; klein poging om die opstel te struktureer = 7–13

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

### VRAAG 1: HOE HET DIE MARSHALL-PLAN GEPOOG OM DIE EUROPESE EKONOMIE NA DIE VERWOESTING VAN DIE TWEEDE WÊRELDOORLOG TE HERSTEL?

1.1

1.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron1A - V1]*

- 'dit voorgekom asof die algemene ekonomiese situasie besig was om agteruit te gaan.'
- 'Die herstel tot op daardie tydstip is deur die vermindering van plaaslike aandele en buitelandse beleggings gefinansier.'
- 'Kapitaal was toenemend onbeskikbaar vir investering/belegging.'
- Handel tussen Europese nasies was stagnant (enige 2 x 1) (2)

1.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A - V1]*

- 'voedseltekorte'
- 'werkloosheid'
- 'teenspoed wat met die oorlog en herstel geassosieer is' (enige 2 x 1) (2)

1.1.3 *[Definisie van 'n konsep in eie woorde uit Bron 1A – V1]*

- 'n Politieke teorie/ideologie gebaseer op die skrywes (idees) van Karl Marx wat daarop gemik was om 'n klaslose samelewing te stig
- Kommunisme kan na verwys word as 'n ekonomiese sisteem waarin die staat grond, industrieë, eiendom en rykdom van die bevolking besit en beheer
- Enige ander relevante antwoord (enige1 x 2) (2)

1.1.4 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1A – V2]*

- Kommunistiese oorname van kapitalistiese lande soos Frankryk en Italië was 'n dreigement vir die VSA
- VSA kan hulpeloos wees om die verspreiding van kommunisme in Europa te keer
- VSA kan belangrike handelslande verloor
- VSA besighede kon negatief affekteer word/kapitalistiese bedreiging
- Dit sou die beeld van die VSA as ‘n wêreldmag in gedrang bring.
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.2

1.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron1B – V1]*

**Om te verseker:**

- 'individuele vryheid'
- 'vrye instansies'
- 'ware onafhanklikheid'
- ‘deur goeie ekonomiese toestande' te herstel.’ (enige 2 x 1) (2)

1.2.2 *[Verduideliking van 'n term uit Bron 1B – V2]*
- Die reg van individuele lande om te kies of hulle wil/of nie wil deelneem aan die Marshall-plan nie
- Oos-Europese lande moet vir hulself besluit of hulle aan die Marshall-plan wil deelneem sonder die inmenging van Rusland
- Individuele vryhede wat Europese nasies moet geniet buite normale regerings- beperkinge of wette
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.2.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*
- 'Aan die onmiddellike behoefte aan voedsel, medisyne en behuising te voldoen'
- 'Industriële en landbouproduksie te verhoog deur vinnig fabrieke, spoorweë, brûe, ens. te herbou'
- 'Inflasie teen te staan en om finansiële stabiliteit te vestig'
- ''n Gemeenskaplike mark vry van nasionale handelsbeperkinge te skep'

(enige 2 x 1) (2)

1.2.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron1B – V1]*
**Verbetering van:**
- 'Europese produksie'
- 'Besigheidsorganisasie'
- 'arbeid-bestuursverhoudinge' (enige 2 x 1) (2)

1.2.5 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2A – V2]*
- Om bystand gelyk onder hulle te verdeel as 'n manier om Europa as 'n geheel te heropbou/Europese nasies wou nie bystand gelyk deel nie
- Om tot 'n vergelyk te kom oor verskille as 'n manier om Europa as 'n geheel te heropbou en nie individuele lande te heropbou nie/Europese nasies het nie saam gestem op hoeveel bystand elke land toegestaan moes word nie
- VSA wou Europa as 'n eenheid heropbou teen die uitbreiding van kommunisme
- VSA wou Wes-Europa as 'n kapitalistiese sfeer van invloed teen kommunisme verseker
- VSA vasberade om te verhoed dat geen Europese land kommunisme sou aanneem nie.
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.3
1.3.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – V2]*
- Europa is gedurende die Tweede Wêreldoorlog verwoes/Europa is vernietig
- Europa het die Marshall-plan (buitelandse hulp) nodig gehad om ekonomies te herstel van die gevolge van die Tweede Wêreldoorlog
- Om Europa ekonomies te herstel, sal 'n groot uitdaging vir die Marshall-plan wees
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.3.2 *[Analise van bewyse uit Bron 1C – V2]*

- Om te kenne te gee dat Europa se ekonomie moet tot voor-oorlogse vlakke herstel word/Om te kenne te gee dat Europa 'n lewenslyn deur middel van die Marshall-plan ontvang om haar weg terug tot herstel te vind.
- Om te wys dat die Marshall-plan 'n manier was wat Europa kan gebruik om hul ekonomieë te heropbou
- Om te wys dat die VSA die enigste supermoondheid was wat Europa se ekonomie kan heropbou en herstel
- Dit verwys na die aanvaarding van kapitalisme om te verhoed dat hulle slagoffers van kommunisme word
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.4

1.4.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron1D – V1]*

- 'ooglopende (duidelike) voorbeeld van die manier waarop die beginsels van die Verenigde Nasies geskend word
- ‘van die manier waarop die organisasie geïgnoreer word.’ (2 x 1) (2)

1.4.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1D – V2]*

- Europese lande sou van die VSA afhanklik word
- Die VSA het baie druk op Europese lande geplaas om aan die Marshall-plan deel te neem in plaas daarvan om lande toe te laat om hul eie herstelprogramme te implementeer
- Die VSA kon die interne sake van Europese state voorskryf indien hulle die Marshall-plan aanvaar het
- Die VSA het dit as 'n Koue Oorlogstrategie gebruik om lande te forseer om kapitalisme in plaas van kommunisme te kies
- Die VSA sou Europese lande ekonomiese en polities beheer
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.4.3 *[Bepaal die beperkinge van Bron 1D – V3]*

**Die bron is BEPERK omdat:**

- Die skrywer, 'n Sowjet- Minister van Buitelandse Sake het die Marshall-plan in 'n negatiewe lig beskou/taal/Sowjet propaganda in verhouding tot die Marshall-plan is negatief bv. 'sogenoemde Marshall-plan'
- Die bron is bevooroordeeld teen die implementering van die Marshall-plan (VSA) wat voorgestel word ‘n skending van die beginsels van die Verenigde Nasies
- Die bron wys nie die positiewe bydrae van die Marshall-plan in die heropbou van Europa nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.5 *[Vergelyking van Bronne 1B en 1D om verskille vas te stel - V3]*

- Bron 1B is geskryf vanuit 'n Amerikaanse oogpunt (Marshall-plan sal Europa ekonomies heropbou) terwyl Bron 1D vanuit 'n Sowjet-oogpunt geskryf is (Marshall-plan het die beginsels van die Verenigde Nasies geskend)
- In Bron 1B was die Marshall-plan gemik op individuele vryheid terwyl in Bron 1D die VSA daarvan beskuldig van die verspreiding van verligting tot die individuele behoeftige lande as gevolg van politieke druk
- In Bron 1B is die Marshall-plan gemik op 'egte onafhanklikheid' met die herstel van deeglike ekonomiese omstandighede terwyl in Bron 1D die Marshall-plan beoog om Europese lande onder die ekonomiese beheer van die VSA te plaas
- In Bron 1B is die Marshall-plan gemik op die skepping van 'n gemeenskaplike mark vrye van nasionale handelsgrense terwyl die VSA in Bron 1D op hierdie lande staat gemaak het om afhanklik te wees op die belange van Amerikaanse monopolieë.
- Bron 1B wil die skrywer hê dat Europa kollektief saam moet werk terwyl Vyshinsky in Bron 1D verklaar dat die VSA Europa in twee kampe skeur.
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

- Europa was na die Tweede Wêreldoorlog verwoes/Europa was geruïneer (Bronne 1A en 1C)
- Dollar tekort het beteken dat Europa nie vir hul invoere uit Amerika kon betaal nie ( Bron 1A)
- Die Marshall-plan sou die ekonomie van Europa herstel en daarom die kommunistiese bedreiging in Europa verhoed ( Bron 1A)
- Die Marshall-plan was deur Amerika in 1947 ingestel ( Bron 1B)
- Die Marshall-plan was gemik op ekonomiese strategieë en hervormings om Wes Europa te heropbou ( Bron 1B)
- Kontant toelae en lenings was aangebied om noodsaaklike goedere te koop ( Bron 1B)
- Die Marshall-plan wou Europa se 'pad terug' na ekonomiese herstel aanwys ( Bron 1C)
- Die spotprent wys die Marshall-plan as 'n lewenslyn aan vir die Europese lande ( Bron 1C)
- Die Marshall-plan was Amerika se manier om kapitalisme in Europa te vestig (eie kennis)
- Die Marshall-plan was 'n manier om die industrieë van Europa te monopoliseer (eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. kan nie bewys **hoe die Marshall-plan gepoog het om die Europese ekonomie te herstel na die verwoesting van die Tweede Wêreldoorlog nie.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp, bv. **toon begrip oor hoe die Marshall-plan gepoog het om die Europese ekonomie te herstel na die verwoesting van die Tweede Wêreldoorlog.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. **toon 'n deeglike begrip oor hoe die Marshall-plan gepoog het om die Europese ekonomie te herstel na die verwoesting van die Tweede Wêreldoorlog.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8
**[50]**

**VRAAG 2: HOE HET BUITELANDSE MOONDHEDE VANAF 1974 BY DIE ANGOLESE BURGEROORLOG BETROKKE GERAAK?**

2.1

2.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron2A - V1]*

- 'Die omverwerping van die outoritêre regime in Portugal op 25 April 1974' (1 x 2) (2)

2.1.2 *[Verduidelikking van 'n konsep binne die konteks van Bron 2A – V2]*

- 'n Politieke stelsel waarin Portugal ('n groot moondheid) politieke en ekonomiese beheer oor Angola uitgeoefen het
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

2.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*

- 'wat vrede vir Angola belowe het'
- ' 'n werkbare politieke toekoms '
- ' 'n oorgangsregering bemagtig (in staat gestel) om Angola vanaf 31 Januarie 1975 te bestuur tot en met die verkiesings.' (enige 2 x 1) (2)

2.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2]*

- Hulle het ideologiese en etniese verskille gehad
- Hulle het gedink dat hulle Angola self kan regeer
- Die leiers het mekaar nie 'vertrou' nie
- Daar was 'n gevoel dat Portugal die MPLA begunstig het
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.2

2.2.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V2]*

- Om die oomblik vas te vang toe die Alvor Ooreenkoms onderhandelinge in sessie was
- Om aan die wêreld te wys dat Portugal die einde van koloniale beheer oor Angola fasiliteer het
- Om te wys dat die leiers 'n poging aangewend het om vreedsaam te onderhandel
- Om te wys dat al drie bevrydingsbewegings die vredesonderhandelings ooreenkoms bygewoon het
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V2]*

- Na die omverwerping van die outokratiese regime in Portugal op 25 April 1974 het Portugal aangekondig dat hulle hul beheer oor Angola sou beëindig.
- Portugese onttrekking uit Angola impliseer dat die Angolese bevrydingsbewegings hulle moes voorberei om oor te neem (magsoorname)
- Portugal wou die oorgang van mag van al drie bevryheidsbewegings beheer
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.3

2.3 *[Vergelyking van Bronne 2A en 2B om vas te stel hoe hulle mekaar ondersteun - V3]*

- Bron 2A noem dat die drie bevrydingsbewegings die Alvor ooreenkoms in Portugal onderteken het terwyl Bron 2B die ondertekening van die ooreenkoms tussen die Portugese amptenare en die bevrydingsbewegings visualiseer.
- Bron 2A noem dat 'n troika of drie leiers van die bevrydingsbewegings 'n oorgangsregering tot stand wil bring terwyl Bron 2B die leiers van die drie bevrydingsbewegings wat die oorgangsregering tot stand sou bring, uit beeld.
- Bron 2A noem dat die bevrydingsbewegings vrede en 'n werkende politieke toekoms vir Angola belowe terwyl Bron 2B die uiteensetting van die politieke toekoms van Angola wat in sessie is, uit beeld.
- Beide bronne verklaar dat die ooreenkoms op 15 Januarie 1975 onderteken was.
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.4

2.4.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – V1]*

- 'ongeveer 230 Kubaanse militêre raadgewers teen die laat lente van 1975 vier People's Armed Forces for the Liberation of Angola (FAPLA)-opleidingskampe opgestel en beman het.'
- 'die MPLA 'n verdere 200 Kubaanse infanterie-instrukteurs in Luanda verwelkom'
- 'Kubaanse skepe het teen laat September en vroeg Oktober met swaar wapens en honderde soldate in Angolese hawens begin aankom'
- 'Kuba het begin om op groot skaal gevegstroepe per lug vanaf Havana na Luanda te vervoer'
- 'gehelp om duisende Kubaanse gevegstroepe in te vlieg om MPLA-rekrute in die gebruik van gesofistikeerde (moderne) Sowjet-wapentuig op te lei en om dit uiteindelik ook te beman. Dit het T54- en T34-tenks ingesluit’
- 'die mobiele 122 mm-vuurpyllanseerders ('Stalin's Organs') wat deur Kubane hanteer is (enige 2 x 1) (2)

2.4.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – V1]*

- 'Die Russe het groot Antonov-22-vragvliegtuie, wat wapens bevat het, direk na Luanda gevlieg’
- ‘gehelp om duisende Kubaanse gevegstroepe in te vlieg om MPLA-rekrute in die gebruik van gesofistikeerde (moderne) Sowjet-wapentuig op te lei en om dit uiteindelik ook te beman. Dit het T54- en T34-tenks ingesluit.' (2 x 1) (2)

2.4.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V2]*

**Hulle het gehelp dat:**

- die MPLA beheer oor Angola oor neem
- die MPLA hul mededingende bevrydingsbewegings suksesvol verslaan het (die FNLA)
- die MPLA 'n kommunistiese regime in Angola tot stand gebring het.
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.4.4 *[Vasstelling van bruikbaarheid van Bron 2C – V3]*

**Die bron is BRUIKBAAR OMDAT:**
- Dit ‘n uittreksel uit ‘n boek is wat geskryf was deur ‘n geskiedkundige, J Marcum
- Dit ontbloot die redes vir die betrokkenheid van Kuba en die Sowjetunie in die Angolese Burgeroorlog
- Dit beskryf die aard van hul militêre betrokkenheid in die Angolese Burgeroorlog
- Dit werp lig op hoe die MPLA as regerende party in Angola oorgeneem het/nederlaag van die FNLA
- Dit wys dat die aansien van beide lande versterk was as gevolg van die MPLA wat die burgeroorlog gewen het
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.5

2.5.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2D – V1]*
- 'het hulle Sowjet- en Kubaanse betrokkenheid beskou as deel van 'n kommunistiese plan om suidelike Afrika te domineer.'
- 'Hulle het geglo dat Angola, ... waarskynlik 'n wegspringplek vir nasionalistiese guerrillas van die Suidwes-Afrikaanse-Volkorganisasie (SWAPO) was om Suidwes-Afrika (Namibië), aan te val.'
- 'Wat die Suid-Afrikaners gehoop het om te vermag, was die instelling van 'n gematigde pro-Westerse regering in Luanda wat ontvanklik (oop) vir Suid-Afrikaanse belange sou wees.'
- ‘Die Angolese teater het Suid-Afrika ook die geleentheid gebied om sy waarde as 'n betroubare (lojale) anti-kommunistiese streeksmag aan die VSA te toon en om sy posisie by die Amerikaanse regering te versterk’

(enige 2 x 1) (2)

2.5.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron2D – V1]*
- 'FNLA'
- 'UNITA' (2 x 1) (2)

2.5.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – V2]*
- Hulle wou hul betrokkenheid geheim hou
- Hulle wou nie die buurlande teen hulle verenig nie
- Om plaaslike en internasionale reaksie teen die Suid-Afrikaanse regering te vermy
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.5.4 *[Definisie van 'n term uit Bron 2D – V1]*
- Die reg van 'n land om homself self te regeer sonder buitelandse inmenging
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*

*Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:*

- Die einde van kolonialisme in Angola gee aanleiding tot 'n magstryd tussen die MPLA, FNLA en UNITA wat deur buitelandse magte ondersteun was (Bron 2A)
- Alvor ooreenkoms het nie lank geduur nie weens die ideologiese en etniese verskille (eie kennis en Bron 2A)
- Mislukking van die Alvor ooreenkoms gee aanleiding tot volskaalse burgeroorlog tussen die MPLA en FNLA oor beheer van Luanda (die hoofstad) (Bron 2A)
- Die bewegings het nou uitsluitlik buitelandse bystand gesoek om hul posisies te versterk (Bron 2A)
- MPLA het Kubaanse eweknieë gewerf nadat die Chinese die FNLA-magte opgelei het (Bron 2C)
- Kubaanse skepe wat swaar wapens en honderde soldate vervoer het, het in Angolese hawens aangekom ( Bron 2C)
- Russiese Antonov-22 vervoer vliegtuie wat gebruik word om gesofistikeerde Sowjet-wapens af te lewer het T54 en T34 tenks ingesluit (Bron 2C)
- Kubaanse en Russiese betrokkenheid was 'n keerpunt in die burgeroorlog - oorwinning vir die MPLA verseker ( Bron 2C)
- Rusland het 'n vastrapplek in Suider-Afrika gekry (Eie kennis)
- Russiese militêre superioriteit was deurslaggewend in die uitkoms van die Burgeroorlog (Bron 2C)
- Suid-Afrika het ingetree omdat hulle die Sowjet en Kubaanse betrokkenheid as deel van 'n kommunistiese plan beskou het om Suidelike Afrika te oorheers (Bron 2D)
- SA het ingetree om SWAPO-aanvalle te stop (Bron 2D)
- SA wou steun van Westerse lande werf deur 'n anti-kommunistiese posisie in Afrika in te neem (Bron 2D)
- SA, aangemoedig deur die VSA, het besluit om vir UNITA en FNLA te steun (Bron 2D)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. kan nie bewys **hoe vreemde moondhede in die Angolese burgeroorlog vanaf 1975 betrokke geraak het nie.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp, bv. toon begrip van **hoe vreemde moondhede in die Angolese burgeroorlog vanaf 1975 betrokke geraak het.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. toon deeglike begrip van **hoe vreemde moondhede in die Angolese burgeroorlog vanaf 1975 betrokke geraak nie.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

**VRAAG 3: WATTER UITDAGINGS HET SITSTAKINGBETOGERS TEENGEKOM IN HULLE POGINGS OM OPENBARE GERIEWE GEDURENDE DIE 1960's IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA TE DESEGREGEER?**

3.1

3.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron3A – V1]*

- 'Suidelike rassesegregasie' (1 x 2) (2)

3.1.2 *[Definisie van 'n histories konsep in jou eie woorde uit Bron 3A – V1]*

- Beleid van die skeiding van mense volgens ras, godsdiens, geslag ens.
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

3.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*

- 'Nashville Student Movement (NSC)'
- 'Nashville Christian Leadership Council (NCLC)' (2 x 1) (2)

3.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – V2]*

**Stem saam**

- Die eienaars het die reg gehad want dit is hulle winkels – daarom kan hulle besluit wie om te bedien (Vryheid van keuse)
- Die eienaars het slegs die bestaande wetsorde wat destyds algemeen was, gevolg
- Winkeleienaars het geglo dat rassediskriminasie en segregasie aanvaarbaar was en deur die regering van Tennessee ingestel was
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2)

**Stem nie saam**

- Winkeleienaars het diskriminasie en rassisme beoefen
- Winkeleienaars het swartes se reg tot vryheid van keuse weerhou
- Hulle optrede het die grondwet van die VSA weerspreek wat die onvervreembare regte van Afro-Amerikaners verskans het.
- Hulle optrede was teen die Amerikaanse grondwet en die Atlantiese Handves wat basiese menseregte aan almal, ongeag ras, gewaarborg het
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.2

3.2.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – V2]*

**Om te wys:**

- dat die protesaksie by Nashville nuuswaardig en baie belangstelling gelok het
- vir die wêreld/publiek dat die sitstakingbetogings vreedsaam was
- die diskriminasie en segregasie wat swartes in die VSA moes verduur
- dat blankes die veldtog beskou het as 'n gebeurtenis wat nasionale veiligheid bedreig
- die vasberadenheid van swartes om diskriminasie en segregasie van openbare geriewe te beeindig
- Enige ander relevant antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.2.2 *[Analise van bewyse in Bron 3B – V2]*

**Dit wys:**

- dat die konserwatiewe blanke Amerikaners (winkel eienaars) swart Amerikaners as 'n bedreiging vir publieke veiligheid beskou het
- dat die konserwatiewe winkeleienaars gewillig was om hul winkels te sluit eerder as om desegregasie af te dwing
- dat desegregasie nie maklik bereik sou word nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.3

3.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3C - V1]*

- 'borde op te hang wat aandui: 'Gesluit – In belang van publieke Veiligheid'
- 'Geen Oortreding – Ons behou die reg voor om die publiek te bedien soos ons goeddink (2 x 1) (2)

3.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3C - V2]*

- Polisie het nie die wette van die land implementeer en beskerm nie
- Blanke oortreders van geweld was geag om hul domein teen swart Amerikaner indringers te beskerm.
- Dit was slegs 'n verlenging van polisiewreedheid, diskriminasie en segregasie teen swart Amerikaners wat teen daardie tyd heersend was
- Hulle het die wet oortree
- Die polisie was rassisties teenoor swart Amerikaners
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.3.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3C – V1]*

- ' Hy het die studente skuldig bevind'
- 'hulle is elk met $150 (dollar) beboet
- 'plus hofkoste beboet' (enige 2 x 1) (2)

3.4 *[Vergelyking van bewyse in Bronne 3B en 3C om vas te stel hoe hulle mekaar ondersteun– V3]*

- Beide bronne toon die rassistiese houding van konserwatiewe blankes
- Beide bronne beeld die sitstakingprotes uit as 'n aksie wat openbare veiligheid bedreig
- Beide bronne wys die geskrewe teken 'gesluit' 'in belang van openbare veiligheid' as 'n poging om swart Amerikaners te verhinder om restaurante binne te gaan
- Beide bronne wys dat blanke kelnerinne nie swart Amerikaners bedien het nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.5

3.5.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – V1]*

- ' Dit is gestig volgens die beginsel dat alle mense gelyk geskape is, en dat die regte van elke mens ingekort word wanneer die regte van een mens bedreig word. (1 x 2) (2)

3.5.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – V1]*
- 'hotelle'
- restaurante'
- 'teaters'
- 'kettingwinkels' (enige 2 x 1) (2)

3.5.3 *[Verduideliking van 'n term binne die konteks uit Bron 3D - V2]*
- Die toekenning van dieselfde burgerregte aan alle mense van kleur wat binne die grense van die VSA woon
- Daar moet geen diskriminasie en segregrasie teenoor enige ras wees nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.5.4 *[Interpretasie van informasie uit Bron 3D - V2]*
- Omdat die Amerikaanse grondwet erken het dat alle mense gelyk is
- President Kennedy was simpatiek met die stryd van die Burgerregtebeweging/Kennedy het die eise vir burgerregte deur swart Amerikaners akkommodeer
- Kennedy het ander nasies probeer oorreed dat demokrasie beter as kommunisme was
- Kennedy wou die beeld van die VSA onder die res van die wêreld bevorder.
- Om die ondersteuning van swart Amerikaners te wen
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.5.5 *[Assesseer betroubaarheid van Bron 3D – V3]*
**Die bron is BETROUBAAR OMDAT**:
- Dit 'n primêre bron is wat eerstehandse informasie (President Kennedy se toespraak) gee
- Die skrywer van die toespraak JF Kennedy was - die president van die VSA
- Die datum van die bron (11 Junie 1963) ooreen stem met die tyd raamwerk van sitstakingproteste in die VSA
- Die datum van die toespraak stem ooreen met die tydperk toe Kennedy president van die VSA was
- Dit lig werp op hoe President Kennedy die sitstakingsveldtogte ondersteun het – deur wette te aanvaar wat openbare geriewe oop gestel het
- Die informasie in bron kan bevestig word deur Bron 3A wat verwys na hoe die sit-staking plaasgevind het in reaksie tot rasse segregasie, 3B wat studente uitbeeld wat 'n sitstaking uitvoer en 3C, wat die reaksies teen die sitstakings verduidelik.
- Die doel van die bron was om mense in te lig oor die stappe wat hy sou volg om swart Amerikaners gelyke behandeling te gee
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*
Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

- Suidelike rassesegregasiewette in die 1960's veroorsaak sitstaking protesoptrede. (Bron 3A)
- Swart Amerikaners begin met sitstakings om openbare geriewe te desegregeer (Bron 3A)
- Nashville-middagetetoonbanke het swart Amerikaners op grond van ras geskei (Bron 3A)
- Winkeleienaars het geweier om swart Amerikaanse studente te bedien (Bron 3A)
- Middagetetoonbanke was gesluit/geslote tekens was opgeplak (Bron 3A en 3B)
- Sitstakings was beskou as 'n bedreiging vir openbare veiligheid (Bron 3B)
- Konserwatiewe blankes het weggebly van middagetetoonbanke wat deur swart Amerikaners beset was (Bron 3B)
- Vreedsame swart Amerikaanse betogers was deur blanke tieners aangeval (Bron 3C)
- Oortreders was nie arresteer nie (Bron 3C)
- Swart Amerikaanse sitstakingbetogers was arresteer en beboet (Bron 3C)
- Die gereg het die studente in die steek gelaat (Bron 3C)
- Kennedy het Amerikaners herinner van die beginsel van gelykheid wat in die Amerikaanse grondwet verskans is (Bron 3D)
- Ten spyte van die konserwatiewe druk het Kennedy die Burgerregtewet deurgevoer (eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. kan nie bewys **watter uitdagings die sitstakingbetogers teëgekom het in hul pogings om openbare geriewe in die Verenigde State van Amerika gedurende die 1960's te desegregeer nie**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp, bv. toon begrip van **watter uitdagings die sitstakingbetogers teëgekom het in hul pogings om openbare geriewe in die Verenigde State van Amerika gedurende die 1960's te desegregeer.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. **toon 'n deeglike begrip van watter uitdagings die sitstakingbetogers teëgekom het in hul pogings om openbare geriewe in die Verenigde State van Amerika gedurende die 1960's te desegregeer.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

## VRAAG 4: DIE UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE – VIËTNAM

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

### SINOPSIS

Kandidate moet verduidelik of hulle met die stelling saam stem of nie. Deur met die stelling saam te stem, moet hulle verduidelik hoe die militêre taktieke en strategieë wat deur die Verenigde State van Amerika (VSA) teen die Viëtkong gebruik het misluk het om Viëtnam te stop om 'n kommunistiese staat te word. Indien kandidate nie met die stelling saamstem nie moet hulle, hul argument met relevante historiese bewyse ondersteun .

### HOOFASPEKTE

Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

- Inleiding: Kandidate moet 'n standpunt inneem deur aan te dui of hulle met die stelling saam stem of nie. Hulle moet ook 'n raamwerk verskaf van hoe hulle, hul argument gaan ondersteun.

### UITBREIDING

Fokus op die strategieë van beide die VSA en die Viëtkong.

- Omstandighede onmiddellik voor die oorlog:
  - Die verdeling van Viëtnam en die stigting van die Viëtkong
  - Redes vir die VSA se betrokkenheid: inperking en die domino teorie
- VSA se eerste betrokkenheid in Suid-Viëtnam – stuur wapens en militêre adviseurs teen die Viëtkong (Viëtnamese kommuniste)
- Ho Chi Minh Roete was deur die Viëtminh gebruik (kommuniste guerrillas van Noord Viëtnam) om die Viëtkong te ondersteun – Help om die Viëtkong met wapens en kos te voorsien
- VSA stel 'Veilige Dorp' beleid in/Hamlet strategie/Villagisation (hervestiging van mense in dorpe) – probeer om guerrilla vegters van die mense te isoleer/afsondering (1963)
- Veilige dorp beleid het misluk omdat die Viëtkong binne die dorpe gewerk het
- Die Gholf van Tonkin insident en beslissing (1964)
- Die VSA het gevoel dat die oorlog in Viëtnam nie 'n konvensionele oorlog soos die Tweede Wêreldoorlog was nie
- VSA het 3 500 soldate op 8 Maart 1965 en grond troepe na Viëtnam gestuur/ die guerrilla taktieke het die konvensionele strategie verward gemaak
- Operasie Ranch Hand (1962 – 1971) – gebruik van chemiese ontblaring (Agent Oranje om die oerwoud te verwoes) en Agent Blou (om plant produkte en voedsel te verwoes om die Viëtkong te verswak)
- Gebruik van chemiese wapens het die VSA ongewild gemaak en baie lande het die VSA veroordeel
- President Johnson het Operasie Rolling Thunder in Maart 1965 ingestel om die Viëtkong vinnig te verslaan
- Guerrilla oorlogvoering deur die Viëtminh en Viëtkong (moeilik om guerrillas van dorp bewoners te onderskei – boere/kleinboere)
- Viëtkong reageer met Tet Offensief (1968) – verrassingsaanval op 100 dorpe

- Aantal VSA soldate wat sterf vermeerder – gee aanleiding tot anti-oorlogbetogings
- Hoogs effektiewe gebruik van guerrilla taktieke deur die Viëtkong
- VSA stuur jong en onervare soldate na Viëtnam
- VSA gebruik soek en vernietig sendings (My Lai-massamoord) om dorpies te verwoes wat die Viëtkong ondersteun
- Dit het aanleiding gegee tot 'n groot aantal burgerlike sterftes - wat 'n oproep was vir meer ondersteuning vir die Viëtkong
- VSA gruweldade en My Lai-massamoorde (Maart 1968) het publieke sentiment teen die oorlog laat draai
- Noord Viëtnam het militêre ondersteuning van die USSR en China ontvang so het die Viëtminh en Viëtkong toegang verkry tot moderne wapens
- Guerrilla oorlogvoering was effektief deur die Viëtkong gebruik, ondersteun deur die Viëtminh van die noorde en gebruik taktieke soos fop stelsels, ondergrondse tonnels, soek en vernietig taktiek, sabotasie
- Die Viëtkong het hul ondersteuning vergroot as gevolg van die taktieke wat hulle teen die VSA soldate gebruik het
- Die Viëtnamese was verenig in die verdediging van hul land
- Viëtnamisasie: President Nixon het vorendag gekom met 'n beleid van strategiese onttrekking uit Viëtnam. Ook genoem WHAM (Winning the Hearts and Minds of the Viëtnamese) dui die mislukking van die VSA aan om Viëtnam te stop om 'n kommunistiese staat te word en haar gevolglike onttrekking
- VSA onttrek alle troepe teen 1973 (President Nixon het die Parys Vredes-ooreenkoms op 27 Januarie 1973 onderteken) – beëindig VSA betrokkenheid in die Viëtnam-oorlog
- Noord Viëtnam neem beheer oor Saigon in 1975
- Viëtnam was verenig onder kommunistiese beheer
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hul argument saamvat met 'n relevante slot. **[50]**

## VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLE-STUDIE – DIE KONGO

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

**SINOPSIS**
Kandidate moet krities bespreek of die politieke, ekonomiese, maatskaplike en kulturele beleide wat Mobutu Sese Seko vanaf 1960s tot 1970s geimplimenteer het, sy goeie leierskap eienskappe gedemonstreer het

**HOOFASPEKTE**
Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:
- Inleiding: Kandidate moet 'n standpunt inneem deur aan te dui of beleide wat deur Mobutu Sese Seko ingestel was sy goeie leierskap eienskappe demonstreer. Hulle moet aandui hoe hulle beoog om hul antwoord te ondersteun.

**UITBREIDING**
**Politieke beleide**
- Koloniale nalatenskap: (as agtergrond informasie)
  - Paternalisme – Kongolese was as kinders behandel – met geen verantwoordlikheid in administrasie of verteenwoordiging in die regering nie
- België het nie voorbereidings getref vir ware oorgang of vir 'n nuwe leierskap om oor te neem nie
- Kongo raak onafhanklik op 30 Junie 1960 met Joseph Kasavubu as President en Patrice Lumumba as Eerste Minister. Joseph Kasavubu het verkies dat Kongo 'n federale staat moes wees terwyl Patrice Lumumba vir 'n sterk sentrale nasionale regering was/Lumumba was ook in konflik met Moise Tshombe
- Kongo het met baie politieke onstabiliteit begin – met Tshombe gefokus op sesessie van Katanga vir sy onafhanklikheid
- Mobutu neem mag oor vanaf Kasavubu met 'n staatsgreep in 1965 (ambisieuse)
- Hy slaag daarin om 'n soort politieke stabiliteit te bewerkstellig (gebaseer op outoritarisme)
- In 1967 het Mobutu daarin geslaag om die Katanga rebellie te stop en sy land 'n nuwe grondwet as 'n een party staat onder sy party te gee~~,~~ die Popular Movement for the Revolution (MPR)
- Kongo het 'n een party staat binne die eerste vyf jaar na verkryging van onafhanklikheid geword met alle opposisie onderdruk (outokraties)
- Mobutu het 'n persoonlikheidskultus ontwikkel (Mobutuism) (swak leierskap)
- Mobutuïsme het Kongo 'n outokratiese staat onder homself as 'n militêre diktator gemaak (swak leierskap)
- Hy was deur die VSA ondersteun omdat hy beskou was as 'n anti-kommunisties bondgenoot
- Hy het 'n sterk gesentraliseerde regering geskep en alle aanstellings, bevordering en toekenning van regerings fondse beheer,
- Hy het 'n beleid van Zaïrenasie ingestel, 'n beleid wat geskoolde buitelanders vervang het of diegene wat strategiese bestuursvlak poste beklee het met ongeskoolde plaaslike leiers vervang-wat aanleiding gee tot die wanadministrasie en wanbestuur in politieke leierskapsrolle
- Hy het nepotisme toegelaat (kleptokrasie)
- Mobutu het 'lewenslange president' gebly tot sy dood in 2007
- Enige ander relevante antwoord

**Ekonomiese beleide**

- Koloniale nalatenskap: (as agtergrondinligting)
  - o Uitbuiting – Belgiese vooruitgang gebaseer op ontginning van katoen, rubber plantasies, en myne (koper, tin & diamante) deur koloniale maatskappye; wins van die minerale (myne) gebaseer op die uitbuiting van Kongolese werkers
  - o Tydens onafhanklikheid was Kongo beskou as die mees ontwikkelde land maar hul ekonomiese rykdom was deur deur buitelandse eienaars besit.
- Het 'n kapitalistiese ekonomie van België oorgeërf
- Aanvanklik die ekonomie oorgelaat in die hande van wit setlaars en buitelanders
- Die land se ryk natuurlike hulpbronne van koper, kobalt, diamante en ander minerale en het buitelandse investering gelok
- Nasionalisasie: Mobutu het die land se kopermynnywerheid genasionaliseer en het die winste van die koper industrie gebruik om sy 10 jaar industriële plan te finansier
- Nasionaliseer buitelandse maatskappye sonder vergoeding
- Buitelandse maatskappye onder die beheer van sy bondgenote en familie lede geplaas
- Zaïrenasie ingestel (buitelanders vervang met Zaïrese burgerlikes) (goeie leierskap – bemagtig plaaslike inwoners en vaderlikheid/paternalisme)
- Zaïrenasie gee aanleiding tot korrupsie, diefstal en wanbestuur (swak leierskap)
- Die ekonomie is gekarakteriseer deur nepotisme en elitisme (Skep 'n groot gaping tussen die elite en gewone burgers/ryk en arm) (swak leierskap)
- Swak ekonomiese beleide gee aanleiding tot afname van die land se infrastruktuur soos paaie .
- Mobutu het kleptokrasie geskep – waarin 'n groep aangestelde staatsamptenare hul posisies misbruik het vir finansiële gewin (korrupsie – swak leierskap)
- Mobutu was forseer om Retrosessie in te stel (terugkeer van buitelandse eienaars) (nie-effektiwiteit van Zaïrenasie)
- Baie min buitelandse eienaars het teruggekeer
- Kongo se ekonomie het in duie gestort (swak ekonomiese beleide)
- Kongo het van buitelandse hulp en investering afhanklik geraak bv. Wêreld Bank
- Enige ander relevante antwoord

**Maatskaplik en kulturele beleide**

- Koloniale nalatenskap: (as agtergrond informasie)
  - o Elitisme aangemoedig: Opvoeding van 'n klein elite aangemoedig wat geskoei was op 'n Westerse styl van kennis en vaardighede
  - o Swak opvoeding stelsel wat nie die Kongolese bevoordeel nie of hulle met vaardighede bemagtig het nie
  - o Frans as 'n onderrig taal in skole gebruik
  - o Teen onafhanklikheid het Kongo 14 universiteit gegradueerdes uit 14 miljoen mense gehad
- Implementeer 'n beleid van Authenticité (Egtheid) (oorspronklik om inheemse gebruike en geloofstelsels aan te moedig) om koloniale invloed uit te wis en Zaïrese 'n begrip van trots vir hul eie kultuur te gee. Ook verwys na Afrikanisme (goeie leierskap)
  - o Christelike name met Afrika name vervang bv. Die Kongo was Zaïre in 1971 herdoop; Leopoldville het Kinshasa geword, Elisabethville het Lubumbashi geword, en Stanleyville Kisangani geword; Mobutu het ook sy naam verander van Joseph-Desire Mobutu na Mobutu Sese Seko Kuku Ngbedu Waza Banga, bedoelende, 'The All-Conquering Warrior Who, Because of his Endurance and Inflexible Will To Win, Will go from Conquest to Conquest Leaving Fire in His Wake.' (positiewe verandering in lyn met de-dekolonisasie)

- Kleredrag: dra van Westerse styl pakke was onwettig (deur 'n wet afgekondig) en vervang met 'abacos' (A bas le ostumes'), bedoelende 'weg met die klere pak' (goeie leierskap)
- Plaaslike musiek aangemoedig (goeie leierskap)
- Mobutu het demokrasie as 'n buitelandse/vreemde ideologie tot Afrika beskou– hy het soos 'n Hoofman regeer in tradisionele Afrika styl en dit gebruik om sy eie outoritêre posisie te versterk
- Frans het die onderrig taal gebly en die onderwys stelsel het aangehou om die stedelike elite te bevoordeel (swak leierskap – gebrek aan vooruitsiendheid)
- Na onafhanklikheid, primêre onderwys en skool toelating gestyg vanaf 1,6 miljoen in 1960 tot 4,6 miljoen in 1974 (goeie leierskap) /Toe staat befondsing deur Mobutu onttrek word, ouers moes begin betaal en primêre onderwys het begin afneem (swak leierskap)
- Onderwysers en hospitaal amptenare het vir maande onbetaal gewerk as gevolg van swak ekonomiese en politieke praktyke (swak leierskap)
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hul argument saamvat met 'n relevante slot **[50]**

## VRAAG 6: BURGERLIKE VERSET VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE SWARTMAGBEWEGING

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

**SINOPSIS**

Kandidate moet verduidelik tot watter mate die Swartmagfilosofie suksesvol was om swart Amerikaners te organiseer om diskriminasie en segregasie in die VSA gedurende die 1960's teen te staan. Hulle moet hul argument met relevante historiese voorbeelde ondersteun.

**HOOFASPEKTE**

Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

- Inleiding: Kandidate moet 'n standpunt in neem deur te verduidelik tot watter mate die Swartmagfilosofie suksesvol was om swart Amerikaners te organiseer om diskriminasie en segregasie in die VSA gedurende die 1960's teen te staan Hulle moet ook 'n raamwerk verskaf van hoe hulle, hul argument gaan ondersteun. .

**UITBREIDING**

- Omstandighede in die VSA: (Agtergrondinligting)
    - Swart Amerikaner nog steeds ekonomies en polities in die VSA gebrekkig as gevolg van diskriminerende (Jim Crow) wette
    - Gebrek aan 'n sin van trots as gevolg van sosio-ekonomiese omstandighede (Lewe in ghetto's en krot woonbuurtes/swak behuising/onvoldoende geriewe)
    - Swart Amerikaners het ongeduldig met die stadige pas van verandering geword en die impak van die Burgerregtebeweging gedurende die 1960's
    - Swart Amerikaners onderhewig aan polisiebrutaliteit - gee aanleiding tot die groei van nasionalistiese gevoelens.
- Swartmagfilosofie verkondig selfgelding, self-ondersteuning; swart trots; beheer van beleide binne hul eie gemeenskappe (verkondig deur Stokely Carmichael); swart Amerikaners hulself beskerm teen polisiewreedheid; swartes sal vryheid van wit gesag nastreef, bevordering van Afro-haarstyl en Afrika-kleredrag en die slagspreek 'Black is beautiful' uitgedink (het daarin geslaag om die minderwaardigheidskompleks uit te wis)
- 1966 Bobby Seale en Huey Newton stig die Black Panther Party (BPP) vir Self-verdediging – teen polisiewreedheid (slaag daarin om swart Amerikaners aan te moedig om selfversekerd te wees)
- Aanvaar die Tienpuntplan om hul maatskaplike, politieke en ekonomiese doelstellings vir die opheffing van die swart Amerikaanse gemeenskap te dek
- Die Black Panther Party het voedingskemas, kindersorg, en geletterde programme in swart gemeenskappe georganiseer – die voedingskemas het hongerte onder die jeug uitgewis en prestasie in die skool verbeter (armoede uitgewis)
- BPP-kindersorg projekte het omgesien na die mediese behoeftes van swart Amerikaners in swart gemeenskappe
- BPP-lede het die strate patrolleer om polisieaktiwiteit te monitor (polisieer die polisie) en hul self te verdedig teen polisie wreedheid
- BPP het aangedring dat swart geskiedenis in die skole aangebied word
- Malcolm X het gewapende selfverdediging teen wit onderdrukking aangemoedig

- Hy het geargumenteer dat bloedvergieting nodig vir 'n rewolusie was (swart nasionalisme) en hy het selfrespek en selfdissipline aangemoedig
- Het die konsep 'Swart Trots' aangemoedig (selfwaarde/selfrespek/selfhelp)
- Het swart Amerikaners aangemoedig om wit Amerikaanse gesag teen te staan in die strewe na vryheid, geregtigheid en gelykheid deur alle moontlike maniere
- Ondersteun die gebruik van geweld as 'n metode van selfverdediging teen diegene wat swart Amerikaners aanval
- Stokely Carmichael het geglo dat die niegewelddadige strategie misluk het weens die voortslepende geweld teen swart Amerikaners
- Het die uitsluiting van wit 'liberaliste' as 'n filosofie vir swart Amerikaners aangemoedig
- Hy verkondig die idee dat die VSA in verskillende swart en wit lande op verdeel moet word
- Hy was teen die VSA se betrokkenheid in die Viëtnam-oorlog
- Impak: die opvallendste vorme van rassediskriminasie was beëindig
- Rassegeweld en spanning het afgeneem
- Swart Amerikaners is tot openbare ampte verkies
- Behuising en geriewe vir swart Amerikaners is verbeter
- Swart geletterdheid en afhanklikheid op staatstoelae het verminder
- Regstellende-aksie-beleide vir federale indiensneming was in plek gesit
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hul argument saamvat met 'n relevante slot. **[50]**

**TOTAAL: 150**

*Kopiereg voorbehou*